SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

## VRAAG 1: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REWOLUSIE VAN 1917?

### BRON 1A

### GESKREWE BRON

**Uittreksel uit die petisie wat George Gapon hoop om te bied aan Nicholas II op 22ste Januarie 1905.**

Ons die werkers, ons kinders, ons vroue en ons ou, hulpelose ouers het na U gekom, o Heer, om die waarheid en jou beskerming te soek. Ons is baie arm en onderdruk, ondraaglike werk word op ons ingestel, ons word verwerp en word nie erken as mense nie. Ons word soos slawe behandel, wat hul lot moet dra en swyg. Ons het verskriklike dinge gelei, maar ons word steeds dieper afgedruk in die afgrond van armoede, onkunde en gebrek aan regte.

### VISUELE BRON




*Seeing stars of liberty.—Philadelphia Inquirer.*

Onderdrukking
Revolusie
Vryheid
Grondwet
Parlement
Vryheid
Sien sterre van vryheid – *Philadelphia Inquirer*

[Vanuit: www.spartacushistory.com]

## BRON 1B

## GESKREWE BRON


Felix Joesoepov was op die eers optimisties oor Rusland se kanse van ŉ oorwinning in die Eerste Wêreldoorlog.

Die militêre veldtogte het briljant geopen met ŉ diep deurbraak in Oos-Pruise, die aanval was vroegtydig geloods op die aandrang van die Geallieerdes om die oorlaaide Westerse front te verlig. Teen die einde van Augustus, as gevolg van ŉ gebrek aan ordinansie, is Generaal Samsonoff se magte omring naby Tannenberg. Die generaal, wat nie die verlies van sy weermag wou oorleef nie, het homself geskiet.

Die offensief was suksesvol hernu op die Oostenrykse front, maar in Februarie 1915 het ŉ verdere offensief in Oos-Pruise in ŉ ramp by Augustovo geëindig. Op 2 Mei, het die Oostenryks-Duitse weermag deur die Suidwes-Russiese front gebreek. Ons troepe was ondervoed, swak toegerus, en het geen ammunisie gehad nie, maar ten spyte van hierdie haglike omstandighede het hulle geveg teen die beste toegeruste weermag in die wêreld. Hele regimente was gevange geneem sonder om weerstand te bied, as gevolg van die gebrek aan toerusting wat versuim het om in die tyd te kom.

## VISUELE BRON

Hierdie bron is geneem uit "*Making History*" en verduidelik die uitwerking impak van die oorlog op gewone Russe.




[Vanuit: www.spartacushistory.com]

## BRON 1C

"Kameraad matrose, ek groet julle sonder om te weet of julle glo, of nie, in al die beloftes van die voorlopige Regering. Maar ek is oortuig daarvan dat wanneer hulle mooi praat, wanneer hulle julle baie belowe, hulle julle en die hele Russiese bevolking mislei. Die mense benodig vrede, die mense benodig brood en die mense benodig grond. En hulle gee julle oorlog, hongersnood, geen brood – laat die grondhere nog steeds toe op die grond ... Ons moet veg vir die sosiale rewolusie, veg tot die einde, tot die bereiking van die volledige oorwinning van die proletariaat. Lank lewe die sosiale wêreld-rewolusie!"

*Lenin, die leier van die Bolsjewiste, op sy terugkeer na Rusland, April 1917.*

[Vanuit: *Making History*, bladsy 112]

## VRAAG 2: TOT WATTER MATE HET DIE NUWE BEDELING DIE KAPITALISTIESE BEGINSELS TEENGESTAAN?

**BRON 2A**

**STANDPUNT 1**

**Herbert Hoover, toespraak in New York (Oktober 1932)**

Die voorstelle van ons teenstanders sal ons stelsel in gevaar stel of vernietig. Ek beklemtoon veral die belofte om "indiensneming te bevorder vir alle surplus-arbeid ten alle tye." Aanvanklik kon ek nie glo dat iemand so wreed sou wees om hoop te gee aan iets so absoluut onmoontlik soos die verwesenliking van hierdie idee aan hierdie 10 000 000 wat werkloos is nie. En ek protesteer teen hierdie ligsinnige beloftes wat gemaak word aan die lydende mense.

As dit moontlik was om hierdie werk aan 10 000 000 mense te gee deur die regering, sou dit $9 000 000 000 ŉ jaar kos. Dit sou die werk van diegene wat nog in diens was aftrek as gevolg van die hoë belasting en die demoralisasie van krediet waarop hulle diens afhanklik is. Dit sou die groei van ŉ verskriklike burokrasie meebring wat, nadat dit ingestel is, nooit weer vernietig kon word nie.

**STANDPUNT 2**

**Franklin D. Roosevelt, toespraak in Boston (Oktober 1932)**

Ons het twee probleme: die eerste, om die onmiddellike nood aan te spreek; tweedens, om ŉ grondslag van permanente indiensneming op te bou.

Om onmiddellike verligting te verskaf, is die eerste beginsel van hierdie nasie, die nasionale regering, as jy wil, die positiewe plig dat geen burger sal honger lei nie.

Bykomend tot die verskaffing van noodhulp, moet die federale regering tydelike werk verskaf waar dit moontlik is. Jy en ek weet dat in die nasionale woude, vloed voorkoming, en op die ontwikkeling van waterprojekte wat reeds gemagtig en beplan is, maar nog nie uitgevoer is nie, kan tienduisende en selfs honderde duisende van ons werklose burgers ten minste tydelike indiensneming gegee word.

[Vanuit: www.spartacushistory.com]

## BRON 2B

**Franklin D. Roosevelt, radio-uitsending, Fireside Chat (12 Maart 1933) met betrekking tot die Nood Bankwet (Emergency Banking Act)**

Sommige van ons bankiers het bewys dat hulle óf onbevoeg of oneerlik is in hul hantering van die mense se geld. Hulle het geld wat aan hulle toevertrou was in spekulasie en onwyse lenings gebruik. Dit was natuurlik nie waar vir die oorgrote meerderheid van ons banke nie, maar dit was waar dat sommige van hulle die mense vir ’n tyd kon skok met ’n gevoel van onveiligheid. Dit was die regering se taak om hierdie situasie uit te stryk en dit so vinnig as moontlik te doen. En dit word uitgevoer. Vertroue en waagmoed is die noodsaaklikhede in ons plan. Ons moet geloof hê, moet jy nie oorrompel word deur gerugte nie. Ons het die masjinerie voorsien om ons finansiële stelsel te herstel, maar dit is vir jou om dit te ondersteun en te maak werk. Saam kan ons nie misluk nie.

[Vanuit:www.spartacushistory.com]

## BRON 2C



A A government poster about the Social Security Act, which began to provide Americans with some financial protection against unemployment, illness and old age.

Sluit aan by optog vir ouderdomsversekering

Stuur jou aansoek om ’n Sosiale Sekuriteitsnomer deur die poskantoor NIE LATER AS Des 5, 1936.

’n Regeringsplakkaat oor die Sosiale Versekeringswet wat Amerikaners voorsien het van finansiële beskerming teen werkloosheid, siekte en ouderdom

[Vanuit:www.spartacushistory.com]

**BRON 2D**

Hierdie kaart toon die impak van die Tennessee Valley Authority op die verskillende state.




[Vanuit: www.spartacushistory.com]

**BRON 2E**

Restaurant ondersteun die NRA skema.




[Vanuit:www.spartacushistory.com]

## VRAAG 3: HOE HET DIE IDEES VAN SOSIALE DARWINISME GELEI TOT DIE SKENDING VAN MENSEREGTE IN DUITSLAND?

### BRON 3A

**Uittreksels uit *Mein Kampf* (deur Adolf Hitler).** Die eerste deel van *Mein Kampf* is in 1923 in die Landsberggevangenis geskryf.

"... Die beginsels van die staat is slegs ŉ middel tot die einde, die belangrikste ding is die instandhouding van ŉ mens se rasse-wese. Die rasse-verskil (d.w.s. biologiese verskille van kleur van die hare en vel, skedelbou, tipe gesig en neus, hoogte van die liggaam en sy soort, ens.) bepaal die geestelike karakter, die vermoë, die potensiële ontwikkelings, en die reg om te bestaan van daardie ras op aarde. Daar is hoër/meerderwaardige rasse – die fisiese en geestelike elite – die kreatiewe en progressiewe deel van die mens se geskiedenis; daar is minderwaardige rasse – ontaard en produseer ŉ nageslag wat inherente vernietigende en gevaarlike elemente besit. Die Duitsers is ŉ tak van die hoër Ariese ras en die Jood se plek is in die laagste rang van die minderwaardige Semitiese ras. Die Jode se doel is om die Ariese ras te besoedel en ŉ ramp te bring oor die ras wat ontwerp is om die wêreld te regeer. Bewaring van rasse-suiwerheid is die eerste en heilige plig van die uitverkore ras ...".

[Vanuit: *Die Holocaust: Lesse vir die mensdom*]

### BRON 3B

Hierdie bron beeld die behandeling van Joodse skoliere in Duitse skole uit.

**Twee Joodse leerlinge word voor 'n klas laat staan gedurende 'n Ras-klas.**

Die inskrywing op die bord lees: 'Die Jood is ons grootste vyand, pasop vir die Jood.'



[Vanuit: *Die Holocaust: Lesse vir die mensdom*]

**BRON 3C**

**GESKREWE BRON**

Bertha Ferderber-Salz was ʼn gevangene by die Plaszow konsentrasiekamp:

Om vier uur in die oggend is ons wakker gemaak deur die sirene vir ons se roll-call. (naamlesing). Ons het in die lyn gestaan vir baie ure terwyl ons getel en verdeel is in groepe werk. Slegs om sewe uur sou ons uit gaan deur die kamphekke.

Enigeen wat nie kon byhou nie kon ʼn koeël in sy kop verwag uit die gewere van die Oekraïnse wagte, wat ons weerskante bewaar het.


Lyfstraf as ʼn straf vir ʻmisdadeʼ is in die openbaar en as ʼn plegtigheid gedoen. Die kampwagte was lief om hul honde op die gevangenes los te laat. Nog ʼn vorm van vermaak vir hulle was die opheffing van een van die gevangenes met ʼn kraan saam met rommel en om hom lewendig te begrawe in die gat wat gegrawe was. Benewens al hierdie vorme van marteling, was ons ook heeltemal afgesny van die buitewêreld.

Die mees verskriklike en moeilike straf was om gestuur te word om in die groewe te gaan werk. Mense, ongeag van hoe vermors hulle geword het, is beveel om klippe op te kap met spesiale of swaar hamers, of om baie groot en swaar rotse, te dra vir lang afstande – selfs al was dit eenvoudig net om hulle besig te hou.

[Vanuit: *Die Holocaust: Lesse vir die mensdom*]

**VISUELE BRON**

Dit is ʼn foto van die gevangenes waens vol grond sleep by die Mauthausen konsentrasiekamp, 1941.



[Vanuit*: Die Menseslagting (Holocaust): Lesse vir die mensdom*]

**BRON 3D**

Toespraak van Reichsfuhrer SS Heinrich Himmler op ʼn vergadering van senior SS beamptes in Poznan! Posen, 4 Oktober 1943

... Ek wil ook met julle openlik praat oor ʼn belangrike saak. Onder ons moet dit eerlik gesê word, maar tog sal ons nooit daaroor in die openbaar praat nie.

Ek bedoel die ontruiming van die Jode, die uitwissing van die Joodse volk. Die meeste van julle weet wat dit beteken as 100 lyke lê langs mekaar, of 500 of 1000. Om dit te kon uitvoer en op dieselfde tyd – benewens uitsonderings wat veroorsaak was deur menslike swakheid – ordentlike te bly, is wat ons hard gemaak het. Dit is ʼn bladsy van glorie wat nooit geskryf was en nooit geskryf sal word nie.

Ons het die morele reg gehad, dit was ons plig teenoor ons mense, om die mense wat ons wou dood maak dood te maak. Om als op te som kan ons sê dat ons het hierdie baie moeilike taak vervul vir die liefde van ons mense. En ons gees, ons siel, het ons karakter was nie daardeur geraak nie.

[Kantoor van die VSA Hoof van die raad vir vervolging van Axis kriminaliteit, Nazi sameswering en aggressie, Vol. IV, (Washington DC: Amerikaanse regering Druk Kantoor, ~ 946), pp 563–4 [Doc. 1919-PS]

## ERKENNINGS

Brink E. et al.: *History Solutions*
Deftereos R. et al.: *Making History*
Dugmore C. et al.: *Spot On History*
Fernandez M. et al.: *Focus*
Frank et al.: *New Generation History*
Grove S.: *Via Africa*
History on the Net
Silbert M. and Petersen T.*: The Holocaust: Lessons for humanity*
Spartacus History